ADVERTENSIE

# U KEUSE VIR DIE WES-KAAP



**CONSTAND VILJOEN se VRYHEIDSFRONT kan die verskil maak!**




As die groot partye kop-aan-kop is, kan 'n derde party wat die mags-balans hou, ongewoon baie invloed hê. Die moontlikheid daarvoor bestaan in hierdie verkiesing omtrent net in die Wes-Kaap.

Die politiek is natuurlik nie een dimensioneel nie, maar wanneer partye verskil oor een aangeleentheid, werk dit baie soos 'n wipplank.

Die sentristiese partye sit naby aan die middel. Die meer ekstreme partye met fermer standpunte staan verder van die balanspunt, en het meer hefkrag. Indien enigiets, het 'n stem vir so 'n party dus 'n groter effek.

Moet dus nie die groot partye se propaganda glo nie. Kyk maar watter impak het Inkatha nou al hoe lank op die politiek, die wisselkoers, die lewensvooruitsigte van die hele land.

Indien jy dus teen die ANC moet stem, doen dit dan ordentlik. 'n Stem vir die NP sal een vir die ANC naastenby balanseer. Maar een vir Genl. Viljoen se Vryheidsfront sal twee van die ANC teenwerk. En as jou eintlike bekommernis die PAC is, is daar mos nie 'n keuse nie.

Die Vryheidsfront kan nie die verkiesing in die Wes-Kaap wen nie. Die beste om voor te hoop, is 'n goeie derde plek. Maar dit kan tog die belangrikste party wees na die verkiesing. Met 16 NP-lede en 6 van die Vryheidsfront in die provinsiale parlement sal Boesak net so min premier word as met 22 NP-lede. Die eers-genoemde verdeling het egter baie meer hefkrag.

**U STEM kan die magsbalans in die Wes-Kaap in die VRYHEIDSFRONT se hande plaas.**

**Stem vir die VRYHEIDSFRONT op ALBEI stembriefies op Nasionale en Streeksvlak.**

VRYHEIDSFRONT - FREEDOM FRONT VF-FF



X

**Mense van alle partye stroom na die VRYHEIDSFRONT Navrae: Tel. (021) 553-1656/7**

# WES-KAAP VIR DIE KAPENAAR!

AP/22/4